Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 149, Mei. 1980 Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

Geen *Afbeeldinge nie.*

"Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

"Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde nageslag van die wat My haat;

"en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou."

(Exodus 20: 4-6)

SO WIL GOD VEREER WORD.

En nie op die styl van Egipte nie...

DIE STYL VAN EGIPTE EN DIE STYL VAN DIE VERBOND.

U moet dadelik goed weet dat die tweede gebod so heerlik praat van 'n Verbonds-god wat klaar naby IS.
Jy hoef Hom nie naby te BRING nie.
Dit is die warmte van die kerk. Want buite by die heidendom en die kerklose die Egiptenaar is dit koud....

Nou: die naby-BRING is Egipte-styl.
Ek verduidelik:
Die Egiptenaar ken geen Verbondsgod nie. Daarom klim hy in sy gedagtes hoog op *in die hemele,* soek daar 'n ibis of arend, beeld dit af en bring dit naby en dien dit dan as sy god.
Of hy laat sy oë *onder op die aarde* rondgaan en doen dieselfde met 'n bulkalf.
Of hy duik *in die waters onder die aarde in* en neem 'n krokodil of padda.

Waarom dan?
Omdat sy god nie met hom 'n verbond gesluit het en nie aan hóm die ver-lossingswoord gesê het nie: "Ek is die HERE jou God wat jou uit die slawehuis uitgelei het."
Sy god is daarom baie ver. Hy sal hom moet gaan soek en dan naderbring.
En juis dit mag nooit die styl van die kerk wees nie. Want in die verbond IS God altyd naby.
Hoe *kon* die kerk dit ooit vergeet?
Tog gaan maak hy, as Moses ver en lank wegbly op die Sinaiberg, uit goud vir hom 'n bulkalf om daarin sy God nader te probeer bring.

En dit het hom suur bekom!

Het die kerk dan nie geweet sy God IS HIER BY HOM nie? - al is Moses ver en al sien jy God ook nie met die oog nie.
Naby ... nie in beeld nie, maar in WOORD!

"WORDS, WORDS, WORDS!"

So skreeu Eliza Doolittle in frustrasie iewers in die musiekspel "My fair lady" as Professor Henry Higgins in die een les na die ander haar die verfynde Engelse leefwyse wil aanleer.

Preke, preke, preke!" hoor ek sommige kerkmense kla as hulle begin dink en voel die Woord raak uitgedien; as hulle van die "hoor" liewer wil oorskakel na die "sien". Die letter maak dood, die Gees maak lewend (so haal hulle selfs die Bybel aan). Hulle soek opwinding in 'n soort godsdiens wat vol is van - figuurlik gesproke - beelde:

ekstase
mistieke eenwording
tale spreek
Geestessalwings
wondergenesings: Bring God *nader* ons wil die *tasbare* gemeenskap met Hom hê - die Woord alleen is droog!

Liewe vriend Gods weg met ons in die VFRBOND is die weg van WOORDE, WOORDE, WOORDE!

Dáárin werk die Gees.

Vreemd?

Maar kyk dan na die uiters belangrike plek van
- die *woord* in die VERBONDenheid tussen ouer en kind, waarsonder die opvoeding net niks is;
- die *woord,* gesproke en geskrewe, by lesgee en boekstudie in die VERBONDenheid tussen dosent en student: die basis van die akademie by skool en universiteit.

Probeer bietjie die woorde wegneem!

DIE VERBONDSOMGANG IS WOORDOMGANG.

Nou sal u mos goed begryp hoe presies REG dit is dat die tweede gebod die beelde uitgooi en die Woord met goddelike outoriteit weer binnebring.
Want die tweede gebod sê: Ons Verbondsgod IS naby in sy Woord.
"Moenie in jou hart sê nie:
Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring;
of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode
op te bring?
Maar wat sê dit?
Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart" (Rom. 10:6-8).
Die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon ... Jesus Christus!

SO WIL GOD VEREER WORD!

* *Luister* na en *lees* gereeld sy Bybelwoord die Verbondswoord — die Verlossingswoord - die Lewenswoord.
* *Glo* dit met u hele hart.
* *Sê* dit vir Hom in u gebed.
* *Leef* daagliks daarby en daaruit.

Dit is in Christus u suiwere godsdiens!

Dirk Postma

JY IS DIE BEELD VAN GOD.

Het jy dit geweet?
O ja, jy het al vaagweg daarvan gehoor.

Maar ... gló jy dit?
Jy sê nee? Want hoe kan 'n mens dan soos God lyk?

Ek stem saam. 'n Mens lyk nie soos God nie. God is God en jy en ek is mense.
Wat bedoel die Bybel dan as hy sê: "God het die mens geskape na sy beeld"(Gen. 1:27)?

Dit beteken: **DIE MENS IS 'N GEMEENSKAPSWESE**.

Jy is gemaak om in gemeenskap te lewe:
Met God
Met jou medemense.
Met die natuur.

Of jy dit nou glo of nie, dit bly waar. Probeer maar totaal afgesonderd lewe en kyk wat gebeur. Jy raak afgetakel. Jy vereensaam. Jy raak opgeskeep met jouself. Want jy probeer lewe soos jy nié gemaak is nie!

Weet jy hoe het dit gekom dat jy en ek 'n gemeenskapswese is?

Kyk: Genesis is die boek wat ons vertel van die geboorte, die oorsprong, die begin van alles. Die eerste hoofstuk vertel ons van die begin van die hemel en die aarde, die son, maan en sterre, die plante volgens hulle soorte, die see en die visse, die voëls en insekte, wilde diere en die mens.

Met dié groot verskil tussen jou, mens, en al die ander dinge wat God gemaak het: By al die ander dinge wat gemaak is vóór die mens, lees ons elke keer: "En God het gesê: Laat dit wees ... en dit was so."(Gaan haal jou Bybel en lees dit maar self. Op die heel eerste bladsy.)
By die skepping van die mens lees ons egter iets heeltemal anders!

Daar staan: (Gen. 1:26) "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis..."

God voer eers met Homself *'n samespreking!*
God beoefen met Homself *gemeenskap!*

En dán skape Hy die mens, die kroon van sy skepping, in gemeenskap met Homself. In *verhouding* met Homself.

En *in gemeenskap met die res van sy skepping.*

Want direk daarna sê God: "En laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip."
Maar toe kom die tragiese sondeval...

Weet jy wat is sonde?
Dit is die *verbreking van hierdie gemeenskap* met God en met mekaar en met die skepping:
Adam en Eva kruip weg vir God (Gen. 3:8).
Hulle kom skielik agter dat hulle naak is (Gen. 3:7).
Die diere begin vir hulle vlug(Gen. 9:2).

Die beeldskap was gruwelik geskend...

Só geskend dat dit van nuuts af herstel moet word... En dit kan jy en ek nie self doen nie. Dit moet God doen. Soos Hy ons geskep het na sy beeld, moet Hy ons weer herskep na sy beeld.

En dit het Hy gedoen!
Op 'n baie besondere manier!

Hy stuur 'n *Persoon* om die *persoonlike gemeenskap met Hom te herstel.* Sy eie Seun, *Jesus Christus,* om aan 'n Kruis te kom sterf. En Hy stort 'n *Persoon,* die *Heilige (lees,* uit om in jou en my hart te kom woon en ons nuut te maak - beeld-draers van God!

Dit geld jóú ook!

Kom terug na die warm, heerlike gemeenskap met God. En ook jy is beeld van God! En nooit meer eensaam nie...

Johan Botha.

EK DIEN DIE HERE SOOS EK WIL.

Dit is — soos jy sê — die rede waarom jy destyds uit die kerk is: mense wat tred verloor het met die tyd wou aan jou kom voorskryf hoe jy die Here moet dien.

- Jy het gedink een keer per kwartaal in die kerk is genoeg — húlle praat van twee maal per Sondag.
- Jy het gedink die kerk jaag net agter geld aan - húlle wou jou oortuig met woorde soos dankbaarheid en dankoffers vir die diens van die Here.
- Jy het gedink jou kinders tel 'n bietjie godsdiens sommer hier en daar op - húlle het met jou gepraat oor sake soos doopsbelofte en katkisasie.
- Jy het gedink mens rig jou lewe en lewensgewoontes in soos jy wil - húlle het gepraat oor dinge soos selfdissipline en 'n suiwer lewenswandel.
- Jy het gedink om tog meer kerk toe te gaan as die dominee jou vriendeliker behandel — húlle het gepraat van "die geloof wat uit die gehoor is" en nie uit die dominee nie.

Laat ek jou dadelik troos in hierdie gesprek van ons:
Alles is nog nie vir jou verlore nie.
Om die waarheid te sê: ek dink daar is nog hoop.
Die ligpunte is: Jy weet nog van die Bybel en van die eise wat die Bybel aan elkeen van ons stel.
Jy is kwaad vir die mense van die kerk, maar die God van die kerk het jou in sy liefde nog nie losgelaat nie.
Hy het nog nie weggestap uit jou lewe nie.
Hy roep nog najou.
Daarom lê jou behoud daarin om te luister hoe en waartoe die Here jou roep.
Een van die groot dinge wat die Here jou in sy Woord leer, is dit: God sê nie net dat ons Hom moet dien nie. Hy sê ook hoe ons Hom moet dien.

Jy onthou seker nog iets van die vreeslike gebeurtenis toe koning Saul self geoffer het aan die Here en nie wou wag dat die profeet Samuel kom om dit te doen nie. Nou ja, Saul het die fout gemaak om die *hoe* van sy diens aan God gering te skat. Daarmee het hy vir homself 'n skewe en verwronge beeld van God gebou.

Dít moet ons onthou:

Dieselfde God van liefde en genade;
dieselfde God wat jou verstande en krag gee om te werk;
dieselfde God wat die liefde en jou hart lê vir jou vrou en kinders,
Hy is die God wat van jou vra: Dien My in oorgawe. Maar dan op My manier.

Cassie Venter.

Dink aan die kinders van Betel!
Beeldediens bly nie ongestraf nie.

'N VERSKRIKLIKE SKOUSPEL.

Noem jouself gelukkig as jy dit nog nooit gesien het nie...
Ek hét al...
'n Hoenderhok besaai met verskeurde hoenders!
Oral op die grond het hulle gelê: nat en bebloed, met af bene en stukkende vlerke. Sommige het lê en spartel met wydoopgesperde oë. Ander het wanhopig geskop — 'n laaste stuiptrekking. Uiteindelik sou almal stil lê — dood!
So lyk dit as 'n verwoede wolfhond die kans kry om onder jou hoenders in te vaar.

DIE TREURSPEL BY BETEL.

II Konings 2:23 en 24 vertel van 'n soortgelyke treurspel - nie van halfdooie hoenders nie, maar van verskeurde *kinders/* Twee-en-veertig van hulle!
Half-nakend, verwond en bebloed moes hulle langs die bospad naby Betel gelê het - 'n gesig om nooit te vergeet nie!
Dit was die werk van twee berinne wat onverwags uit die bos gekom het.
Nee, laat ek dit sê soos dit is: Gód het hulle onder die kinders laat invaar. Dit was sy straf vir die kinders wat sy profeet, Elisa, spottend agternageroep het: "Gaan op, kaalkop, gaan op, kaalkop!" Die straf vir die nageslag van beeldedienaars.

'N GOD VAN LIEFDE...?

Jy sê dat jy dit jammer vind dat só 'n verhaal in die Bybel staan. Die Bybel is tog die Boek oor die liefde van God...?
Hierdie gebeurtenis trek tog 'n streep daardeur...?
Jy noem God kleinserig om 'n klompie kinders só genadeloos te straf. Kon Hy hulle nie maar oorgesien het nie?
Maar het jy jouself al in God se plek gestel?
Weet jy wat dit is om in jou liefde gekrenk te word?
Dink jou daar in: Jy neem 'n meisie om jou vrou te wees, 'n meisie wat jy uit die agterbuurtes gered het. Jy gee haar jou hele hart. Jy deel met haar jou ganse lewe. Sy is die enigste wat jy bemin. Hoe sal jy voel as jy op haar spieëlkas steeds die foto van 'n ander man sien staan? Al sê sy dat sy jou liefhet elke keer kry jy haar waar sy bewonderend na dié foto staar.
Sal jy nie glo dat sy jou vermaak nie, nee, eintlik dat sy jou nie regtig liefhet nie?
Kyk, so voel God daaroor as Hy sy liefde sonder enige reserwe aan ons sondare gee, maar ons wil die verhouding met Hom aanknoop soos óns dit goed dink.

GEEN LEË DREIGEMENT.

Miskien sal jy nou verstaan wat God bedoel as Hy sê dat Hy "'n jaloerse God is". En dalk begryp jy ook nou sy dreigement in die tweede verbondsbepaling, dat Hy dié wat Hom dien volgens hulle eie denkbeelde, met sy straf sal agtervolg - selfs tot by die agterkleinkinders! (Exodus 20:5).

God se toorn oor gekrenkte liefde - dis wat daar op die bospad net buitekant Betel uitgewoed het.
Toe het die liefde wat God se beminde (Israel) vir jare lank gekrenk het — in wraak omgeslaan. En dit was die *kinders* wat dit moes ontgeld maar kinders wat ook al geleer is

om God volgens hulle eie denkbeelde te dien. Toe het hulle die gal wat daar teen God se profete in die beeldedienaars se huise gebraak is, teen Elisa uitgegil.

Ook aan jou wil God Homself in Jesus Christus gee - met ál die liefde van sy wese. Soos 'n man hom aan sy vrou gee, wat hy regtig liefhet selfs al het Hy ons uit die modder van die sonde opgetel.

Hoe sal ons sy liefde beantwoord? Volgens ons eie smaak?
As jy dit só wil doen, dink dan aan die kinders van Betel. Is dit die lot wat jy jóú kleinkinders gun?

Nardus Droomer

EWIG *BEVRY VAN BEELDEDIENS.*

SO UITGEPUT, SO OORLAAI.

Van die mense wat ek ken, is meeste so uitgeput, so afgemat.
Hul gestalte is geboë asof hulle 'n vreeslike las dra.
Hul gesigte is gegroef met diep kepe.
So baie word voortgejaag deur 'n verterende onrus.
Is dit by jou ook so?
Wat is die las waaraan jy dra.'

BEELDEDIENS DIE GROOTSTE OORSAAK.

Wat mens die heel moegste maak, is om jou lewe lank te swoeg vir 'n beeld - 'n voorstelling wat jy van God het.
Die gedagte wat 'n mens oor God het, jou denkbeeld oor Hom, kan 'n mens se lewe terroriseer.

Die beeld wat die Skrifgeleerdes in Jesus se dae vir die mense voorgehou het, was die beeld van 'n ongenaakbare, strenge God. Een wat jou alleen rus sal gee, as jy ál sy gebooie stiptelik uitvoer. Hierdie gedagtebeeld van God martel vandag nog duisende mense se lewens. Dalk ook joune...

Vir 'n lang tyd in my lewe het ook ek my sat gedra aan hierdie gedagtebeeld van God. Ek het geglo: Hoe meer ek sy voorskrifte nakom, hoe groter sal my beloning wees. Soos 'n martelaar nee, soos 'n held, het ek die swaar juk gedra. So het ek kerk toe gegaan. So het ek gebede opgesê. So het ek geldelike offers vir die godsdiens afgestaan. Ek wou bewys dat ek vir my God maar eintlik vir die beeld van Hom wat ek in my rondgedra het oor het.

Dis indrukwekkend wat 'n méns alles kan presteer. Maar dan is jy die een wat uitblink. Jy is die een wat die nodige doen om salig te word. En so kom jy nooit by die rus uil nie.

Jy raak senuweeagtige en beangs! Want jy weet nooit of jy jou "god" genoeg gebied het nie. Dit put mens tot die dood toe uit!

JESUS CHRISTUS - **DIE RUS.**

Die pakke wat ons op ons vermoeide en geboë skouers dra, wil Jesus Christus afneem. Hy wil ons daarvan bevry ... ewig!

Vir jou - net soos vir my - sê Hy: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is en Ek sal julle rus gee" (Matt. 11:28).

Hy vra: Sien finaal af van jouself. Sien af van alles wat jy probeer doen om God tevrede te stel.

Die gedagtebeeld wat jy van God het, bestaan nie. Hy wil nie deur mense tevrede gestel word nie. Want Hy is reeds deur Jesus Christus tevrede gestel - deur sy volmaakte lewe en deur sy volledige versoeningsdood aan die kruis. Hy is nie 'n tiran wat reëls en gebooie en voorskrifte - 'n swaar juk op ons lê nie.

Al wat Hy vra, is dat jy sal gaan na sy Seun. Na Hom, wat met sy volmaakte offer al ons skuld betaal het.

Heg jou met jou hele hart aan Hom. Leef met Hom, wat vanuit die hemel regeer, in 'n lewende verhouding.

Vir jou redding staan Hy in. By Hom is rus vir jou gemoed.

En sy gebooie (juk of las) is lig.

Want Hy ken jou gebreke. Daarom het Hy sy Gees gegee dat jy Hom en jou naaste met vreugde kan dien.

Nardus Droomer.

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.